

Hoofstuk van die dag: Johannes 21

> *Toe hulle klaar geëet het, vra Jesus vir Simon Petrus: “Simon seun van Johannes, het jy My baie lief, meer as hulle hier?” (vers 15)*

Ek dink ons moet dit goed raaksien: die dissipels het nie

vanself verander van die verwarde, patetiese groepie mense na die vurige volgelinge wat onverskrokke vir Jesus opgestaan en geleef het nie. Goed, die Heilige Gees is op Pinksterdag uitgestort om hulle met krag van Bo te vul. Maar voor dit gebeur het, het Jesus tyd in hulle belê.
Dalk moet ons dit weer ’n keer hoor: Jy gaan nie ’n vurige volgeling van Jesus word as jy nie tyd maak dat Hy met jou besig kan wees nie; as jy nie toelaat dat Hy jou verander soos Hy daardie dissipels van Hom verander het nie. Jy gaan nie opgewasse wees vir jou roeping in die wêreld as jy nie toegerus en versterk word deur die Here en sy Gees nie.
Jesus het dit geweet. Daarom het Hy tyd gemaak om by sy dissipels te wees, sodat iets van sy heerlikheid op hulle kon afgee; sodat hulle verbintenis aan Hom versterk kon word; sodat hulle die mense kon word wat hulle moes wees.

Naskrif: Môre begin ons met die boek 1 Samuel

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026